

12 November

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:34; Heidelbergse Kategismus Sondag 18**

### **Die nut van die hemelvaart**

*“Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.”*

Die hemelvaart van Jesus Christus is vroeg en wydverspreid in die Christelike kerke bely. Paulus doen dit in sy briewe aan die Kolossense (3:1-2), die Efesiërs (1:20-21) en ook in ons Skrifgedeelte (vs. 34). Uit hierdie Skrifgedeeltes leer ons dat Hemelvaart nie maar net Jesus Christus se vertrek van die aarde af is nie, maar sy oorwinningstog en feestelike troonsbestyging in die hemel. *Verhoog, o poorte, nou die boog; rys, eew'ge deure, rys omhoog, want Hy klop aan, die Erekening!* (Ps. 24-1:4).

Die oorwinning en feestelikheid van Hemelvaart het egter nie net in die hemel effek nie. Met vier vrae lei Paulus sy lesers/ons om te verstaandat Christus se oorwinning en sy posisie aan die regterhand van God omvattende en ingrypende gevolge vir jou aardse lewe vandag het:

- Wie kan teen jou wees? (vs. 31) – God is vir jou (vs. 31).
- Wie kan jou aankla? (vs. 33) – God spreek jou vry (vs. 33).
- Wie kan 'n oordeel oor jou uitspreek? (vs. 34) – Christus Jesus tree vir jou in (vs. 34).
- Wie kan jou van Christus skei? (vs. 35) – God het jou ewig lief (vs. 38)

Hierdie vier vrae vat die dinge saam waarmee ons as gelowiges elke dag op aarde te doen kry; vyandskap, vingerwysery, veroordeling en vervreemding. Hemelvaart beteken dat jy bo hierdie dinge kan uitstyg en dat jou gemoed en gedrag inderdaad nie deur daardeur bepaal hoef te word nie. Deur wat Christus gedoen het en steeds doen, is jy meer as 'n oorwinnaar (letterlik “superoorwinnaar”) oor hierdie dinge. Rig dus vandag “jou gedagtes op die dinge wat daarbo is”, waar Christus aan die regterhand van die Vader sit (Kol. 3:1-2), en laat jou optrede dáárdeur bepaal.

*Sing: Psalm 24-2:5, 6, 7 (melodie Ps. 100-1)*

*Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)*